# IN MEMORIAM PROF. DR. L. H. K. BLEEKER.

Volgens berigte in die nommers van 27 November en 4 Desember van „Vry Nederland" is Professor Bleeker van die Universiteit van Groningen in die ouderdom van 75 jaar oorlede. Hiermee is die lewe van nog 'n Outestamenticus onder die Nederlandse geleerdes afgesluit, en tewens van 'n persoonlikheid wat sy stempel gedruk het op sy omgewing in stad en land deur sy hartlike, aangehoue diens aan die gemeenskap. Louis Hendrik Karel Bleeker is in 1868 in die Hervormde pastorie van die Brabantse dorpie Fijnaart gebore, maar reeds as seuntjie van anderhalf paar met sy ouers en hulle kinders na Groningerland verhuis. Sy lewe is, behalwe 'n 10-jarige predikantskap in die Gelders-Brabantse dorpie Nederhemert op 'n eiland in die Maas geleë, grotendeels aan die platteland en die hoofstad van die provinsie Groningen verbonde gewees. Sy jeug het hy deurgebring in die welvarende dorp Tjamsweer, waar sy vader, Ds. G. H. Bleeker, self Groninger van geboorte, byna 20 jaar lank die gesogte en geliefde predikant was. Vyftig jaar na die vertrek van Ds. Bleeker uit Tjamsweer word hy daar nog in dankbaarheid gedenk.[1])

Die jong predikantseun het die lewe op die platteland saam met

[1]) Sien die interessante artikel van Prof. H. J. Backer, hoogleraar in die Skeikunde en getroue vriend van wyle Prof. Bleeker in Nieuwe Theologische Studiën, 22. afl. 5 en 6, Mei-Junie 1939, bl. 132 vv. Hierdie nommer is heeltemal aan Prof. Bleeker gewy, na aanleiding van sy 70ste verjaarsdag. Prof. Backer vermeld o.a. die volgende, vir ons in Suid-Afrika interessante anekdote oor die vader van Prof. Bleeker: Ds. Bleeker het soos destyds gebruiklik was, manel en keil gedra. Deur sy forse gestalte en ringbaard het hy op President Kruger gelyk en meermale is hy vir die President aangesien. In 1900 toe die President pas in Holland aangekom het, is Ds. Bleeker toe hy na 'n besoek aan sy seun te Nederhemert, in Gorcum op die Dordtse boot gewag het, deur die menigte as die President beskou en eerbiediglik begroet. Dit skyn ook op ander plekke in daardie tyd te gebeur het.

die boereseuns in alles meegemaak en geniet en op die plase van die gemeentelede met al die plaaswerksaamhede gehelp. Sy liefde vir en grondige kennis van die landlewe het hy altyd behou en dit het hom altyd in gemaklike kontak met die boerebevolking gebring. En later, as Professor, het hy die liefde vir die Groningse landskap en Groninger kerkbou by sy kollegas, vriende en studente opgewek en aangewakker deur gedurig gesamentlike togte te voet, per fiets of op skaatse met hulle te maak. Professor Bleeker het die gespierde, gedronge gestalte van sy vader gehad en was baie sportlief. Sy geliefde ontspanning was om in sy eie „tjotter" op die Paterwoldse meer naby Groningen te seil, en hy was ewe handig om die boot as om fiets of skaats te herstel as dit onklaar geword het.

In sy hele verskyning en optrede was iets van die frisheid en openheid van die natuur van Groningerland. Die studeerkamerlewe was vir hom te eng. Ook as Professor het hy hom midde in die kerklike en maatskaplike lewe gewerp. Jarelank was hy eers kerkvoog en daarna president-kerkvoog van die Ned. Hervormde Gemeente van Groningen met sy tien predikante en ses oue en nuwe kerke, wat onder sy leiding met twee nuwe en een vernuwde verryk is. Vanaf die eerste jaar van sy professoraat, was hy bestuurslid en later voorsitter van die Diakonessehuis; ook was hy bestuurslid en later voorsitter van die Toevlugsoord vir meisies. So het hy sy kerk en sy volk met al die hartlikheid en toewyding van sy sonnige natuur gedien.

Na 'n langer verblyf op sy eerste standplek Nederhemert (1894-1904), het hy nog drie jaar die Hervormde Gemeente van Uithuizen in die uiterste Noorde van Groningen gedien, waarop die roeping tot die professoraat in die Outestamentiese vakke aan die Universiteit van Groningen as opvolger van sy leermeester, Prof. Wildeboer, gekom het.

Die wetenskaplike arbeid van Prof. Bleeker het na sy met lof afgelegde akademiese eksamens, reeds in 1891 aan die lig begin kom, toe hy saam met sy studievriend L. A. Bähler 'n vertaling van die bekende werk van T. K. Cheyne „Jeremiah, his life and times," laat verskyn het onder die titel: „Jeremia in de lijst van zijn tijd," Kemink, Utrecht, 1891. Sonder twyfel het dit die aanleiding geword tot sy eie eerste wetenskaplike prestasie, sy doktorsproefskrif: „Jeremia's profetieën tegen de volkeren," Groningen 1894. Sy „Enkele opmerkingen" na aanleiding van Prof. Eerdmans se artikel in Theologisch Tijdschrift van Januarie 1903 oor „Oorsprong en beteekenis der Tien Woorden"[2]) is nader uitgewerk en sy besware gedeeltelik teruggetrek

[2]) Sien Theol. Studiën, 21, 1903, bl. 310 vv., waar Bleeker sy instemming met die betoog van Eerdmans vir die ouderdom van die Tien Gebooie betuig, maar nie met sy verklaring van die tiende gebod as sou „begeer" hier nie die sonde van die gesindheid beteken nie, maar „begeer en in besit neem," „gebruik maak van die geleentheid om sig toe te eien wat onbeheer is" teenoor „steel" d.i. „beheerde goedere sig toeëien."

in sy inaugurele orasie (of intreerede as professor): „De zonde der gezindheid in het Oude Testament," Groningen, 1907.

As vaste medewerker aan die tydskrif „Theologische Studiën," onder redaksie van Prof. Daubanton e.a., het Prof. Bleeker verskillende artikels in daardie tydskrif laat verskyn. Hulle is, virsover ek kon nagaan, behalwe die so pas genoemde, die volgende. In jaargang 14, 1896 het 'n uitvoerige bespreking van die doktorsproefskrif van die bekende Nederlandse Outestamenticus Dr. A. van der Flier, G.J.zn. oor Deuteronomium 33 verskyn [3]; in jaargang 22, 1904 „Twee eenvoudige conjecturen" [4]; in jaargang 27, 1909 'n artikel oor Genesis 4 : 16.[5]) 'n Studie oor: „De betekenis van den profeet Elia voor de geschiedenis van Israels godsdienst," 'n lesing vir die Groningse Predikante-vereniging, het in jaargang 28, 1910 verskyn (bl. 415-444). Ek sou hierdie uitnemende behandeling van die kwessies wat met die figuur van Elia en die berigte aangaande sy optrede samehang, en waaruit mens Bleeker op sy bes en eg karakteristiek kan leer ken, in ieder belangstellende se aandag wil aanbeveel. Sy heldere, nugtere, vriendelike en selfs dikwels so hartelike betoogtrant ook in die weergawe en bestryding van teenoorgestelde menings, sy openheid vir die kritiese vraagstellings, maar uiterste versigtigheid in die aanvaarding van voorgestelde oplossings, veral ook sy gedeë kennis van die Ou Testament en gevoeligheid vir die waarde van die hooffeite van die Openbaringsgeskiedenis kom almal tot klare uiting in hierdie aangenaam leesbare studie.

In jaargang 30, 1912, bl. 81-96 volg 'n besonder waarderende In Memoriam oor Professor Wildeboer, sy leermeester en voorganger op die Groningse leerstoel, wat nog in die volle krag van sy lewe en werk aan die Universiteit te Leiden, weggeneem is. Veel van die karaktertrekke van die leermeester is in die nou ook reeds heengegane leerling terug te vinde.

---

[3]) t.a.p., bl. 359-281. Bleeker stem saam met Dr. van der Flier dat die meeste spreuke oor die stamme van Israel in hierdie lied uit die latere peroide van die Rigtertyd stam, en handhaaf hierdie datering ook vir die spreuke oor Ruben, Juda en Benjamin, wat van der Flier ná die Rigterperiode en selfs in die midde van die 9de eeu stel.

[4]) t.a.p., bl. 285, 287. Bleeker wil in 2 Sam. 1 : 21b. i.p.v. „die skild van Saul, sonder dat dit met olie gesalf is" lees: „die skild van Saul, die wapenrusting van die met olie gesalfde" (d.i. die gesalfde koning); Hebr. *kelê māsjoeach basjsjêmen*. Hierdie konjektuur word in die kritiese apparaat van R. Kittel, Biblia Hebraica, ed. 2 en 3, vermeld. Die tweede konjektuur is in Ps. 73 : 7 waar die minder juiste beeldspraak: „Hulle oog puil uit van vet" deur Bleeker gelees word (gedeeltelik in aansluiting aan die Septuaginta): „Hulle ongeregtigheid gaan alle gedagte (of berekening) te bowe" (Hebr: *jāsā mēchasjōb awōnāmô*).

[5]) t.a.p., bl. 289. Die eienaardige uitroep van Eva: „Ek het 'n man verkry met die hulp van die HERE," waar die uitdrukking „met die hulp van" ook in die Hebreeus nogal moeilikheid gee, word deur Bleeker met 'n baie klein tekswysiging gelees: „Ek het 'n man (d.i. 'n seun) gekry; die HERE is met my!" Bleeker verdedig hierdie lesing met 'n verwysing na die naamgewing in Gen. 29 en 30, waar orals uitgedruk word wat die HERE gedoen het aan moeder of kind, en vergelyk Gen. 21 : 20, 26 : 24, 39 : 2 en die name van die Messiaskind Jes. 7 : 14 en 8 : 8.

Aan die einde van sy jaar van rektorskap van die Groningse Universiteit het Prof. Bleeker sy rektoraatsrede gehou, getitel: „Over inhoud en oorsprong van Israëls heilsverwachting," Groningen 1921. Wie, soos ondergetekende, die voorreg gehad het die lesings van Prof. Bleeker oor die Messiaanse verwagtings meedere jare te volg, word by die deurlees van hierdie orasie opnuut verplaas in die kollegekamer waar met soveel hartlike toewyding die moeilike maar uiters belangrike kwessies van die mees kenmerkende van Israel se geestesbesit behandel werd, Israel, die volk van die verwagting met sy onuitroeibare geloof in die koms van die Godsryk op aarde, 'n geloof wat, sy dit in ontaarde vorm, deur Bleeker nog opgemerk word in die deelname van soveel Jode aan die Russiese rewolusie en in die beweging van die Zionisme.[6])

Die intiemere leerlinge van Prof. Bleeker wat sy lesings oor die boek Job in sy studeerkamer vir 'n kring van enkele bevoorregte, meergevorderde studente mog volg, bly uiters dankbaar oor die feit dat in die Serie Tekst en Uitleg die bewerking van die boek Job aan Prof. Bleeker toegeval het. Seker is 'n groot deel van sy beste lewensarbeid in hierdie verklaring verwerk. Die boek het in 1926 verskyn en is, veral in die vertaling en verklaring ,een van die helderste deeltjies van hierdie Bybelverklaring. Die behandeling van die probleem van die boek in die Inleiding is, geheel in die trant van Bleeker, geen droë betoog nie, maar 'n lewendige bespreking voortvloeiend uit degelike kennisname en eerlike weergawe van die menings van andere, en in noue samehang met ons eie godsdienstige vrae en lewe.

Na die bewerking van Job het in dieselfde serie dié van die eerste ses van die sogenoemde „kleine" profete verskyn: „De kleine Profeten, I, Hosea en Amos," Groningen, 1932, en „De kleine Profeten, II, Joel-Micha," Groningen, 1934. Sy leerlinge hoor hier op elke bladsy die stem van die leermeester, hier spreek hy hulle nog hoorbaar toe nadat hy gesterf het. Hierdie drie geskrifte is die inderdaad rype vrug van 'n lewe van studie, van arbeid aan en worstel met die woorde en gedagtes van die Godsgetuies van die Ou Verbond.

Die laaste wetenskaplike pennevrug van Prof. Bleeker wat my onder die oë gekom het [7]) is 'n kort, maar ryke artikel in die tydskrif Onder Eigen Vaandel, II, 1936, bl. 101-106, getitel: „Heeft Psalm 73:17 werkelijk tekstverbetering noodig?" Uit die formulering van

---

[6]) In die Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft, 40, 1922, bl. 156, merk Bleeker by wyse van korrigerende naskrif op, dat die hipotese dat koning Jojachin miskien oorspronklik met die „kneg van die HEER" in die 2de gedeelte van Jesaja bedoel is, nie soos gewoonlik gebeur, met die Duitse Professor Sellin se naam verbind moet word nie, maar reeds gevind word in die doktorsproefskrif van sy vriend, die Nederlandse predikant, Dr. L. A. Bähler: „De Messiaansche heilsverwachting en het Israelitische koningschap, Groningen, 1893, bl. 64-67. Ongelukkig is deur 'n drukfout die naam Bähler hier as Büchler gedruk.

[7]) Ongelukkig kan ek, in verband met ons onvoldoende biblioteekfasiliteite, nie waarborg dat bostaande 'n volledige opsomming van Prof. Bleeker se publikasies bevat nie.

die vraag blyk reeds dat die skrywer meen van nie. Hy wil die ingaan in Gods heiligdomme uitdruklik letterlik opvat en meen dat die digter die oplossing van sy geloofstryd in die tempel beleef het. Na verskillende voorbeelde van wat die heiligdom vir Outestamentiese gelowiges beteken het, aangehaal te hê, sluit Prof. Bleeker af met die Engelse origineel en 'n eie vertaling van die lied van Kardinaal Newman, „The Good Samaritan," waarin hy beskryf hoe hy in die periode van sy grootste godsdienstige vertwyfeling in 'n Roomse kerkie te Palermo 'n wonderbare vertroosting ervaar, balsem in die wonde van sy hart. Bleeker se verklaring van vs. 17 onderaan bl. 104 van die genoemde artikel, is inderdaad treffend en geheel aanneemlik. Hy, wat self so aan die kerkgeboue van sy provinsie en van die stad van sy inwoning geheg was, kon seker die beste verstaan, wat die aardse heiligdom in die lewe van die geloof beteken.

In die hierbo aantekening 1 genoemde Bleeker-nommer van die Nieuwe Theologische Studiën getuig sy kollega, Professor Aalders van Bleeker se liefde eweseer vir sy vak as vir sy leerlinge, hoe hy met onverfloude trou sy lesings gegee het en hoe hy as eksaminator voor alles humaan was. Hy het die student 'n goeie kans gegee, selfs meer as een — maar dan moes die student die kans ook waarneem, nie om die vraag heenloop nie, hom rekenskap gee van wat hy sê en hoe hy dit sê. Hy het lig laat skyn in hoof en hart en lewe van vele, lig van wetenskap, van humaniteit, van vriendskap en veral van geloof. Hy het sy werk verrig, rustig, stil, as vanselfsprekend, met groot opgewektheid en eenvoud, en die voldoening gevind in die opdrag van sy Heer en Meester, in die opdrag self en die uitvoering daarvan, in die weer inhandiging van die opgedrae werk by sy goddelike Opdraggewer.

Sy leerlinge sal hom as leermeester en nie minder as raadgewer en vriend in groot dankbaarheid bly gedenk. Dit was 'n voorreg om op die eerste verdieping van sy ruime woning in die Zuiderpark in sy groot, gesellige studeerkamer met die welvoorsiene, netjies geordende boekery, sy privatissima (of meer intiemere lesings en besprekings) by te woon. Sy geduld met ons, onervare en somtyds ongemanierde studente, was beskamend groot, sy belangstelling in ons studie en persoonlike omstandighede 'n weldadige aansporing. Sy handdruk was so hartlik, sy stem so opwekkend, sy gesprekke en verhale so geestig en onderhoudend. Dat hierdie blymoedige Christen onder so benouende omstandighede moes weggeneem word en die vervulling van sy vurige wens om een van sy eie leerlinge as sy opvolger te sien hom nie gegun is nie, stem tot groot droefheid. Gelukkig mag ons vertrou dat hy in die groot heilsverwagting waarin hy met die Israel van die Oue en die Nuwe Verbond so van harte gedeel het, nie teleurgestel is nie.

B. GEMSER.



W.P.—41539—25.3.44